

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

Louw Steytler

# VOORWOORD

Om die toekoms te verseker, is dit nodig om die verlede te verstaan. Die mensdom herhaal voortdurend die foute van die verlede en die katastrofiese effek wat hierdie historiese feite gehad het op die psige en die optrede van alle burgers van Suid-Afrika.

Die tragedie van die Anglo Boere-oorlog, die eerste volksmoord van die 20ste eeu, waarin so baie Afrikanermans, -vroue en -kinders, sowel as inheemse Afrikane, mans, vroue en kinders, die hoogste prys betaal het en die daaropvolgende Afrikaner-nasionalisme het verreikende gevolge gehad vir alle Suid-Afrikaners. Die uitbuiting van die diep-gewortelde onreg, hoofsaaklik veroorsaak deur die gierigheid van die Britse Ryk en die voortspruitende erge uitbuiting van hierdie sentimente deur Afrikanerleiers, in hulle strewe na selfbeskikking en die uitsluiting van die inheemse bevolking lei tot die konfrontasie van die twee grootste nasionalismes, Afrikaner-nasionalisme aan die een kant en Afrikane aan die ander.

Misbruik van politieke mag en die uitsluiting van die meerderheid het tot erge konfrontasie gelei. Die daaropvolgende politieke kompromie, gelei deur twee prominente Suid-Afrikaners, presidente Nelson Mandela en FW de Klerk, sowel as die totstandkoming van die Grondwet van Suid-Afrika, waarin die reg van die individu vasgelê is, lê die fondament vir ’n inklusiewe, demokratiese benadering. Daarin vervat is menswaardigheid, bevordering van mensereg, vryheid van spraak, godsdiens, assosiasie en ’n vrye pers, oppergesag van die Grondwet en die reg, universele volwasse stemreg, nasionale kieserslys, gereelde verkiesings, ’n multipartystelsel en ’n demokratiese regering, om verantwoordbaarheid, responsiwiteit en openheid te verseker.

Die tragedie van Suid-Afrika is dat die gemeenskap nie ag geslaan het op die voorbeeld wat president Nelson Mandela vir alle Suid-Afrikaners gestel het nie. As ’n nasie, is dit noodsaaklik dat ons terugkeer na die ideaal van samewerking in gemeenskappe – mans en vroue uit alle bevolkingsgroepe – indien ons werklik ernstig is oor ’n vooruitstrewende ekonomie om sodoende die huidige vraagstukke aan te spreek. Suid-Afrikaners kan nie die vlakke van korrupsie, nepotisme en staatskaping deur ’n minderheid, in die hede sowel as die verlede, bekostig nie. Ons Konstitusionele Hof is ’n baken van hoop vir alle Suid-Afrikaners wat ’n funksionele, deursigtige, demokratiese en meelewende samelewing vereis.

Ondanks die politieke uitdagings wat ons in die gesig staar, moet ons die landbousektor se vermoë om die goedkoopste kwaliteit voedsel ter wêreld te produseer, erken. Nogtans erken ons dat menige kwesbare gemeenskappe nie in staat is om daagliks genoeg voedsel te bekostig nie. Hierin lê een van die grootste uitdagings – om die skreiende armoede wat deur vele Suid-Afrikaners ervaar word aan te spreek. Een van die grootste voorregte wat deur alle Suid-Afrikaanse burgers gedeel word, is voedselsekuriteit. Hierdie voorreg is slegs moontlik indien daar wedersydse, voordelige samewerking reg deur die totale voedselketting is. Die baken van hoop is die Grondwet en die Konstitusionele Hof.

Transformasie is ’n noodsaaklikheid. Tot dusver is dit in die wiele gery deur grootskaalse onbevoegdheid en onaanvaarbare vlakke van korrupsie. Indien daar meer inklusiewe vlakke van samewerking binne hierdie voedselketting en die regering was, sou ons veel verder en meer suksesvol gevorder het in die volhoubare transformasie in die landbousektor. Enige optrede moet beide konstitusioneel en

ekonomies haalbaar wees, die behoud van eiendomsreg dien as die hoeksteen vir voedselsekuriteit. Dit moet benadruk word dat die vryemark die verbruikers van landboukommoditeite uitstekend gedien het. Geen sektor van die gemeenskap is meer toegewyd tot die toekoms van Suid-Afrika as die landbousektor nie. Hierdie moedige mans en vroue, oor kleurgrense heen, wat vir generasies alreeds die grond bewerk – soms onder die mees uitdagende omstandighede – sowel finansieel as klimatologies, moet regverdige en onbevoordeelde steun ontvang vir hulle bydrae in die verskaffing van lewensmiddele vir ons nasie.

By die 50ste Graan SA NAMPO Oesdag in Mei 2016, het ons hierdie prestasies en ons geskiedenis gedenk en ons dra ons dankbaarheid oor aan alle mans en vroue, wat deur hulle toewyding en volharding, aan die industrie en Suid-Afrika, dit moontlik gemaak het. Mag hulle uitsonderlike bydrae as herinnering dien vir beide huidige as toekomstige leiers van die kritiese bydrae, wat in die strukture van – en dit moet gemeld word – beste kommoditeitsorganisasie in Suid-Afrika dien.

God seën Suid-Afrika. Nkosi Sikelel'iAfrika. God bless South Africa.

LOUW STEYTLER

**Voorsitter van Graan SA 2012 - 2016**



Jannie de Villiers

# INLEIDING

Langenhoven het by geleentheid gesê dat as mens vorentoe wil kyk, moet jy eers 'n slag terugkyk na waar jy vandaan kom. Hierdie navorsing en teboekstelling van Graan SA se geskiedenis het ten doel om nie net die geskiedenis te onthou en erkenning aan die vorige generasie se leiers te gee nie, maar om ook as organisasie terug te kyk om ons te help om die pad vorentoe te vind.

As jongman het ek groot bewondering gehad vir al die ou ooms in die bedryf wat altyd geklink het of hulle alles weet en presies kon sê wat in die toekoms gaan gebeur. Heelwat later in my loopbaan het ek besef dat landbou 'n inherente onvermoë gehad het om self van die beheerde stelsel na 'n vryemark oor te skakel. Eksterne mense en gebeure het uiteindelik daartoe gelei dat die beheerde stelsel se spreekwoordelike prop in 1997 finaal uitgetrek is. Die 1937-bemarkingswet is herroep en 'n nuwe wet is in sy plek ingestel. Dit het 'n reuse verandering in die graanbedryf tot gevolg gehad. Daar was nie net aanpassings vir individuele graanprodusente nie, maar ook dramatiese aanpassings vir georganiseerde landbou.

Tydens hierdie oorgang was daar menige vergaderings. Voorbereiding vir hierdie vergaderings was uiters belangrik. Baie van die vergaderings het 'n karakter van "bravade" aangeneem. "Ons gaan hulle sis en so" of "ons sal nooit toelaat dat hulle…" het oral opgeklink, totdat realiteit ingeskop het en daar allerhande kompromieë aangegaan moes word om die graanbedryf – en uiteindelik voedselsekerheid – in Suid-Afrika 'n staanplek te gee.

Daar was drie hoofpartye om die tafels: Die produsente, die kopers en die nuwe regering. Elke onderwerp het sy eie unieke vennootskappe gehad. Soms was die produsente alleen met die rug teen die muur en soms was dit die regering en produsente teen die kopers. Jy het nooit presies geweet met wie jy oor wat gaan onderhandel nie.

Nadat die nuwe beleidraamwerk vasgelê is, het al die aanpassings vir rolspelers en organisasies begin. Produsente-organisasies moes hulle nuwe rol en visie vind, landboubesighede het bykans almal 'n nuwe maatskappybaadjie aangetrek en produsente moes in die nuwe omgewing duur skoolgeld betaal – veral ten opsigte van bemarking. Wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat almal hulle uitstekend by die nuwe omstandighede aangepas het. Dit het wel nie sonder stampe en stote plaasgevind nie, maar die nuwe omgewing is gou gedefinieer en aanpassings is gemaak.

Daar is nuwe strukture geskep soos die verskillende graan- en oliesadetrusts, die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS), die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) en South African Futures Exchange (Safex) en aanpassings is gemaak aan die Oesskattingskomitee om die dienste wat die Rade in die vryemarkomgewing gelewer het, voort te sit. Hierdie organisasies en instansies het elk sy eie tandekryprobleme gehad, maar die leiers van daardie oorgangsjare het van hierdie instansies wêreldklasinstellings gemaak. Dit is nie 'n subjektiewe opinie nie; internasionaal word elk op hul eie terrein gereken.

In die proses moes die verskillende bedryfsorganisasies ook hul eie rol in die nuwe omgewing vind. Produsente se behoeftes het skielik verander en aanpassings

moes aan die dienste wat aan hulle gelewer is, gemaak word. Die kultuur in die organisasies moes ook aangepas word. Dit was nie meer dié een wat die hardste geskree het of die mees dominante by die onderhandelinge was, wat gewen het nie. Nuwe style en kundigheid moes gevestig word. Dit was nie 'n maklike tyd vir die leierskap van die organisasies nie. Dit was voorwaar 'n voorreg om in daardie tye in die raadsale groot te kon word en blootstelling aan so 'n groot transformasie in 'n ekonomiese sektor te kry.

Graan SA het deur sy eie kwota van aanpassings gegaan en het uiteindelik by die finale besluit gekom om al die graan- en oliesade-organisasies te amalgameer. Die fynere besonderhede van die verhaal is meer na die agterkant van hierdie boek te vind. Selfs vir diegene wat intens by die amalgamasie betrokke was, was daar hoop dat dit nie weer nodig sal wees nie, maar in 2011 het daar helaas weer 'n nuwe fase in Graan SA se geskiedenis aangebreek met die leierskap se besluit om die organisasie te hernu deur na Pretoria te skuif. Die geskiedenis wys ons dat dit seer sekerlik ook nie die laaste keer sal wees nie. Voortdurende verandering en vernuwing dui op groei en lewenskragtigheid. Die landbousektor ken die siklusse van die seisoene en weet ná snoei kom daar weer nuwe vrug. Bang vir verandering is ons nie, maar dit bly moeilik en gaan nie sonder pyn gepaard nie.

As die grootste produsente-organisasie in Suid-Afrika, moet Graan SA op allerlei terreine in georganiseerde landbou leiding neem – nie net op graangebied nie. Dit maak die relevansie van ons lede 'n topprioriteit. Voedselsekerheid is en bly een van die belangrikste fokusareas van enige regering en dit maak dat Graan SA altyd polities relevant sal bly. Ons vermoë en gewilligheid om aan te pas en topgehalte leiding te gee, bepaal ons land se voedselsekerheid en uiteindelik ons politieke stabiliteit. Stagnasie lei tot dood en daarom vereer ons die leiers van die vorige en huidige generasie wat die mannemoed aan die dag gelê het om aanpassings te maak om die graan- en oliesadeprodusente wat vandag nog volhoubaar op hulle plase is, daar te hou tot voordeel van almal in Suid-Afrika.

JANNIE DE VILLIERS

**Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA sedert 2011**



# Outeur se NOTAS

Die geskiedkundige ontwikkeling van landbou en spesifiek die graanbedryf in Suid-Afrika is deur soveel faktore, gebeure, omstandighede, invloede en mense beïnvloed dat dit 'n totaal onbegonne taak sou wees om alles in een werk saam te vat en die rol van elkeen van die faktore daarin te probeer verduidelik. Met dit in gedagte is besluit om 'n beperking op die omvang van die boek te plaas en net op sekere temas en gebeure te fokus.

## VERTREKPUNT EN AGTERGROND

Daar bestaan 'n onnoembare hoeveelheid navorsingswerke, artikels, skripsies, menings, ondersoeke, studies en ander materiaal, om nie eers van oorlewering te praat nie, wat op verskeie individuele aspekte van die verskillende faktore fokus en wat lig daarop kan werp. Vir hierdie redes is die benadering in hierdie boek nie om tegniese feite of die kronologiese verloop van gebeure vir akademiese doeleindes weer te gee nie, maar eerder om die verhaal van graanproduksie in Suid-Afrika te vertel, met spesifieke verwysing na die verhaal van Graan SA.

In die proses is sorg aan die dag gelê om feite en gebeure so korrek as moontlik weer te gee. Bronne wat daarvoor gebruik is, sluit in persoonlike onderhoude met mense wat ten nouste by die verhaal betrokke was, geskiedkundige landbou-publikasies, amptelike verslae, navorsingsresultate, webtuistes, tydskrifte, notules en jaarverslae. 'n Bronnelys word aan die einde van die boek verstrek.

Die uitgangspunt was ook nie om al Graan SA se werksaamhede op te teken nie, maar om die geskiedenis en agtergrond in 'n verhalende trant aan te bied en slegs enkele hoogtepunte uit te lig wat hoofsaaklik strek tot met Desember 2015.

## INLEIDING

Hoewel graanproduksie in Suid-Afrika reeds kort na die vestiging van Jan van Riebeeck in die Kaap ontstaan het, word in hierdie publikasie feitlik uitsluitlik verwys na die omstandighede en verwikkelings met betrekking tot graanproduksie en -bemarking in Suid-Afrika sedert die beëindiging van die Tweede Boere-oorlog in Mei 1902.

Graan SA se ontstaan in 1999 was nie 'n losstaande gebeurtenis wat in isolasie beskou kan word nie. Dit is voorafgegaan deur byna 'n eeu se ontwikkeling van die graanbedryf en georganiseerde landbou in Suid-Afrika en, ten einde die vestiging van Graan SA en sy rol in die graanbedryf behoorlik te kan verstaan, bevat die eerste vier hoofstukke van die boek inligting oor die omstandighede en gebeure wat dit voorafgegaan het.

Die ontwikkelings het ook 'n invloed gehad op die ontwikkeling van die strukture van georganiseerde landbou en die uiteindelike stigting/vestiging van Graan SA.

Oorkoepelend gesien kan die Suid-Afrikaanse landbou se geskiedenis in die algemeen oor die afgelope eeu of wat in twee duidelik onderskeibare tydvakke

ingedeel word, met 'n kort tydperk tussen die twee wat as 'n oorgangstydperk beskou kan word.

Gedurende die eerste tydperk, vanaf die begin van die twintigste eeu, het die neiging na groter beheer oor veral landboubemarking algaande toegeneem, eers met die stigting van koöperasies om onderlinge samewerking te probeer bevorder tot volskaalse statutêre beheer vanaf die 1930's.

Die verskillende landboubedrywe is beheer deur statutêre beheerrade sonder besluitnemingsmagte onder beheer van die Minister van Landbou, wat beteken het dat die regering in werklikheid totale beheer oor die landbou-omgewing uitgeoefen het. Dit is wel so dat die produsente die meerderheidstem in die beheerrade gehad het, maar uiteindelik kon die beheerrade nie bindende besluite neem nie, maar slegs aanbevelings aan die Minister van Landbou maak.

Gedurende die tweede tydperk, vanaf 1996, geld 'n totaal teenoorgestelde bedeling met 'n vrye mark sonder beheerstelsel of bemarkingskemas en 'n bemarkingswet wat spesifieke voorskrifte het waaraan die regering moet voldoen indien hy enige beheermaatreëls ten opsigte van landboubemarking wil instel.

Die "oorgangstydperk" het ongeveer vanaf 1987 tot 1996 geduur. In dié boek word op verskeie plekke verwys na die gebeure gedurende die oorgangstydperk wat druk op die beheerde stelsel geplaas het en uiteindelik uitgeloop het op die Bemarkingswet van 1996 en deregulering van landboubemarking. Hierdie tydperk het saamgeval met die veranderings in die politieke omgewing binne Suid-Afrika, wat eweneens uiteindelik uitgeloop het op 'n totaal nuwe politieke bedeling in die land na die verkiesing van 1994 – wat die totale sosiale en besigheidslandskap in Suid-Afrika radikaal verander het.

## INDIVIDUELE JARE

Landboutoestande verander van seisoen tot seisoen (hetsy ten opsigte van klimaat, reënval, opbrengs, pryse, wêreldmarkte, beskikbaarheid en vraag, om net 'n paar te noem) en elke seisoen het sy eie karaktertrekke, uitdagings en resultate. Die optekening van die geskiedenis in hierdie boek geskied teen daardie algemene kennis en agtergrond. Gevolglik word nie uitgebrei oor spesifieke probleme wat in elke jaar ondervind is nie, maar word eerder gepoog om die algemene, breë verloop van die geskiedenis weer te gee, behalwe waar werklike uitsonderlike toestande of gebeurtenisse voorgekom het, soos die rekord mielie-oes van 1981 en die vernietigende droogte skaars drie seisoene later, of die droogte van 1992, teen die agtergrond waarvan verskeie maatreëls ingestel is of rigtinggewende veranderings aangebring is.

## TEGNIESE ASPEKTE

Ten einde verwarring en onnodige detail te probeer uitskakel, word verwysings na sommige benamings en begrippe soos volg gestandaardiseer:

- **Departement van Landbou** word gebruik vir alle verwysings na die betrokke staatsdepartement wat met verloop van tyd vir landbou verantwoordelik was, ongeag die werklike benaming daarvan soos van tyd tot tyd aangepas.
- Dieselfde geld vir verwysings na die **Minister van Landbou**.
- Die beheerrade het in sommige gevalle ook in spesifieke tydperke verskil, veral in die beginjare. Dit is ook gestandaardiseer na byvoorbeeld die **Mielieraad, die Koringraad, die Oliesaderaad en die Sorghumraad**. Daar word gepoog om ter wille van tegniese korrektheid by die eerste verwysing na so 'n liggaam die aanvanklike naam daarvan volledig aan te haal, maar daarna bloot na die generiese of verkorte naam te verwys.



DAVID THERON

**Outeur**

**Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika – 'n Reis deur Tyd**
is nagevors en saamgestel in opdrag van Graan SA
met finansiële ondersteuning deur:

- **Jeff Allem** (Allem Brothers);
- 'n **Anonieme Skenker** deur die bemiddeling van **mnr Louw Steytler**; en
- **Infoworks Media Publishing.**

**GRAAN SA**
Posbus 74087, Lynnwood Ridge, 0040
Blok C, Alenti Office Park, Witheritestraat 457, Die Wilgers, Pretoria, 0041
Rivonia
2128

GPS-koördinate: 25°46'02.11"S;28°18'29.89"E

**TELEFOON**
086 004 7246

**E-POS**
*navrae@grainsa.co.za*

**WEBTUISTE**
*www.grainsa.co.za*

Kopiereg © 2016 Graan SA
Eerste uitgawe: 26 Julie 2016

**OUTEUR**
David Theron

**MEDE-OUTEURS**
Jenny Mathews: Hoofstuk 8
Karina Muller: Hoofstuk 9
Johan Smit: Hoofstuk 5, 6 en 9
Adri Theron: Hoofstuk 5
Nico Vermaak: Hoofstuk 4 en 5

**REDAKSIEKOMITEE**
Jozeph du Plessis (Graan SA Hoofbestuurslid)
Neil Claassen (Graan SA Hoofbestuurslid)
Nico Vermaak (Bestuurder: Korporatiewe Dienste, Graan SA)
Johan Smit (Infoworks Media Publishing)

**EKSTERNE LEESPANEEL**
Cerneels Claassen
Leon du Plessis
Nico Hawkins
Vic Mouton
Giel van Zyl
Crawford von Abo

**VERTALING**
Wilna Liebenberg (taalpraktisyn)
028 435 6906
*wilna@lieben.co.za*

**UITGEWER**
Infoworks Media Publishing
Buffelsdoornweg 75, Wilkoppies, Klerksdorp, 2572
018 468 2716
*www.infoworks.biz*

***Produksiespan***
Adri Theron, Johan Smit (Projekbestuur)
Ingrid Bailey (Produksiebestuur)
Ashley Erasmus, Joritha Hechter (Grafiese ontwerp)
Chris Milne (Digitaal)